# HEBREËRS 10:14 - 25

## TEMA: NUWE EN LEWENDE WEG IN CHRISTUS

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld. Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**Heb 10:14 Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.**

**Heb 10:15 En ook die Heilige Gees gee aan ons getuienis;**

**Heb 10:16 want nadat Hy tevore gesê het: Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae, spreek die Here verder: Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe,**

**Heb 10:17 en aan hulle sondes en hulle ongeregtighede sal Ek nooit meer dink nie.**

**Heb 10:18 Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie.**

**Heb 10:19 Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus**

**Heb 10:20 op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees,**

**Heb 10:21 en ons 'n groot Priester oor die huis van God het,**

**Heb 10:22 laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water.**

**Heb 10:23 Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou;**

**Heb 10:24 en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor;**

**Heb 10:25 en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom**

-o0o-

### 1. VOLMAAKTE LIEFDE

**Heb 10:14 Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.**

Hy het een keer die "geld" kom neersit. Christus, die Seun van God, het een keer Sy lewe neergelê. Hy het een keer die prys betaal, sodat die sulkes wat die prys aanvaar het, vir altyd volmaak kan wees en aan Hom kan behoort. (Verwys na vorige lesing: Heb 10:1-13)

As jy 'n item gekoop het, behoort dit vir ewig en altyd aan jou, totdat jy besluit om dit weg te gooi. Die Vader sal ons nooit weggooi nie, want Hy vra wie sal ons skei van Sy liefde? Hy sê dat niks ons uit Sy hand kan ruk nie, want die versoeningsprys is vir ewig.

> **Rom 8:35 Wie sal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?**
>
> **Joh 10:28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.**

-o0o-

> **Joh 10:29 My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie.**

- Hy het ons nie net gekoop vir 'n dag of twee of totdat Hy moeg is vir ons en dan weg te gooi nie. Dit is 'n ewigheidsprys.

Ons is ***vir altyd volmaak*** in Christus Jesus, maar ons moet baie mooi onthou dat God nog altyd vir ons 'n vrye wil gegee het. Dit is ons eie wil om in hierdie plek te bly waar Hy ons gekoop het, of om weer terug te gaan.

- Dit is nie 'n gedwonge evangelie nie.
- Dit is 'n liefdes evangelie.

Selfs in 'n huwelik, as die egpaar aan mekaar trou belowe het, sal hulle aan mekaar getrou wees, omdat hulle mekaar respekteer en lief het. Sou hulle mekaar nie respekteer en bemin nie, sal hulle op ander plekke gaan rond kyk. Niemand word gedwing nie. Jy het nie nou te doen met 'n klomp staal draad wat aan mekaar vas gemaak is nie. Jy is nog steeds los. Jy kan nog steeds maak wat jy wil, maar dit is nou 'n kwessie van dat ek nie meer wil sondig nie. Daar is nie meer 'n wet wat oor my nek hang wat sê dat jy nie mag, of dat jy moet, sal, of kan nie. Dit is nou dat ek wil.

- Ek kies om getrou te wees aan my Bruidegom.
  - Ek kies om Hom lief te hê en om Hom eerste te stel.
- Ek kies om Hom te verheerlik.
  - Hy het alles in my gesit en daarom wil ek 'n spieëlbeeld van Hom wees. Ek wil Hom reflekteer en Hom verheerlik.

Hy moet altyd oor my bly wees. Hy moet altyd oor my jubel. Hy moet my altyd geniet. Hy moet my vriendelikheid, my liefde en my alles geniet.

**Heb. 10: 15 En ook die Heilige Gees gee aan ons getuienis;**

Hy het die Heilige Gees in ons gegee sodat ons nie meer op onsself vertrou nie, maar op die Gees van God vertrou. Hy is die Gees van waarheid en die Gees van Lewe. Die derde persoonlikheid van die Godheid bly in Sy liggaam.

**Heb 10:16 want nadat Hy tevore gesê het: Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae, spreek die Here verder: Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe,**
0020

Dit is nie meer 'n galgtou wat om my nek hang nie. Dit is 'n liefdeslied, 'n liefdes lewe, 'n liefdes verklaring en 'n liefdes gehoorsaamheid. Dit gaan alles oor die liefde wat uit ons hart vloei en in ons verstand geskrywe is.

## 2. VERGIFNIS

**Heb. 10: 17 en aan hulle sondes en hulle ongeregtighede sal Ek nooit meer dink nie.**

Hoekom? Want Hy het **versoening** gebring. Die sondes het op Hom gekom. Die sondes is nie meer op die mens wat in die verbond is nie, want Hy het die vloek geword. As Hy na jou kyk sien Hy jou nie meer as 'n vervloekte mens of as 'n mens met sonde nie. **Hy sien jou as rein en skoon**, want Hy het die vloek geabsorbeer. Hy het al ons sondes en ongeregtighede op Hom geneem. Hy kan dit, wat Hy gevat het, nie meer aan ons koppel nie. Die oomblik dat Hy Homself herinner aan sonde, is Hy eintlik skuldig aan die sonde. Hy kan nie skuldig wees aan sonde nie, want Hy is Heilig.

- Hy was die soewereine[1] Lam.
- Satan kon op Hom geen houvas kry nie.

-o0o-

- Hy kan daarom nie meer aan ons sondes dink nie, want Hy het die sondes geabsorbeer. Hy het dit op Hom gevat.

**Heb. 10: 18 Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie.**

Hoekom moet jy nou weer gaan offer, terug gaan na rituele en weer betrokke raak met die wettiese dinge? Dit is nie nodig nie!

Iemand wat in hierdie dinge weer betrokke geraak het, wat die wette onderhou en al hierdie goed, het eendag gesê "Ek weet die wet kan ons nie red nie, maar ons onderhou dit nog steeds" Ek antwoord daarop "Waarom sit jy 'n las om jou nek om die moets en die moenies, die kan-nie-s en die sal-nie-s te onderhou en jy weet voor jou heilige siel dat jy eintlik vry is daarvan?" Dit is soos 'n ou in 'n tronksel. Die deur is oop, maar hy verkies om nog in die sel te bly. Langsaan is die beste vyf ster hotel maar hy verkies om in die tronksel te slaap. Dit maak nie sin nie.

## 3. NUWE EN LEWENDE WEG

**Heb. 10: 19 TERWYL ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus**

**Heb. 10: 20 op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees,**

**Heb. 10: 21 en ons 'n groot Priester oor die huis van God het,**

Kyk in watter posisie staan ons. Ons het altyd onder die wet en onder verpligtinge gestaan. Hy sê nou dat 'n nuwe verbond gemaak is

- deur die soewereine offer wat vir ons gebring is,
- deur die prys wat die Vader vir ons betaal het,
- deur die vervulling van hierdie wette en profete,
- deur die prys wat uit die hemel gekom het,
  - 'n vlekkelose prys wat vir ons betaal is.

Dit is nie meer 'n gedwonge wettiese evangelie nie, maar 'n liefdeslied, 'n liefdesaanbod, 'n liefdesverhouding. Dit is hoe lief God ons gehad het sedert Hy vir ons Sy eniggebore Seun gegee het.

> **Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**

Hy sê dat ons nou hierdeur ***vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus***. Ons kan nou direk na die Vader toe gaan, want die versoening is gebring. Dit is gebring op die **nuwe en lewende weg** wat Hy vir ons ingebring het. Ons hoef nie deur diere, stiere, bokke, 'n hoëpriester, 'n gewone priester of iets anders na die Vader toe te gaan nie.

Die Priester, Jesus Christus, die volmaaktheid van alles, het Sy **eie** voorhangsel geskeur. Hy het Sy eie lewe neergelê. Hy het Homself laat uitmekaar skeur. Hy het Sy bloed gegee. Hy het Sy hart uitmekaar geskeur vir my en vir jou om vir ons 'n groot Priester oor die huis van God geword. Hierdie Priester kan ons nou as offers vir Hom invat.

## 4. OPENBARE BELYDENIS

**Heb. 10: 22 laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water.**

-o0o-

Ons hoef nie meer te twyfel nie. Ons kan nog glo, omdat ons glo, want die prys is betaal. Dit is ‘n werklikheid. Die grootste werklikheid en waarheid wat ooit bestaan het, is dat Jesus Christus die Seun van God is en dat Hy gekom het om die mens te verlos van sonde. Ons is besprinkel, ons is bloed gewas, maar ons moet ook gewas word ***met rein water***. So wat is hierdie ***gewas met rein water***? Ons het dit gesien. Die volgende vers sê dit.

**Heb. 10: 23 Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou;**

Dit is waarom ek voorheen gesê het dat daar net een doop is. Daar is nie ‘n klein doop nie en daar is nie ‘n groot doop nie.

- Daar is net een doop en dit is die doop van die belydenis, die doop van bekering.

In hierdie bekering, in hierdie belydenis, doen jy dit presies soos wat ek nou gesê het. Jy bely vir die wêreld dat jy hierdie versoenings prys aanvaar het. Jy staan nie meer onder die Wet nie en jy staan nie meer in die wêreld nie. Jy is nou ‘n getuie van hierdie prys wat die Vader gekoop en betaal het; ‘n getuie van die versoening wat Hy vir jou gebring het.

- Jy verklaar dit in die openbaar.
    - Die doop moet altyd in die openbaar plaasvind en nie in die geheim nie. *As jy dit gaan wegsteek is dit nie die doop nie !!*

Die doop is ‘n belydenis in die openbaar dat ek ‘n keuse gemaak het. Jy skaam jou nie meer nie en jy hoef jou nie meer te skaam nie. Jy verklaar in die openbaar dat jy ‘n keuse gemaak het. Jy verklaar dat jy nou die nuwe verbond wat die Vader jou gegee het, aanvaar het. So jy sien, ons moet gedoop word en kan nie daarvan wegskram nie. Klein doop, doop besprinkeling en al hierdie goed, is nie Bybels nie. Daar is net een doop en dit is die doop van bekering.

## 5. DIENSBAAR MET LIEFDE

**Heb. 10: 24 en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor;**

Hoekom is ek gered? Ek is gered deur liefde. Ek moet die getuienis van Liefde uitdra.

- Liefde bly altyd die basis van alles EN die hele basis van die evangelie van Jesus Christus.

Die oomblik wanneer ek vir my broer sê “Raka” [2], of ek haat my broer, of ek veroordeel iemand, is ek verkeerd. Ek mag dit nie doen nie, want dit gaan alles oor liefde. In 1 Korintiërs 13 sien ons wat liefde is. Ons moet mekaar altyd bemoedig om die Woord van God te vervul. Ons moet mekaar ***tot liefde en goeie werke*** aanspoor.

> Mat 5:22 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.

- Daar is net een goeie werk en dit is die gehoorsaamheid aan die Gees. Dit is om die wil van die Vader te doen.
    - Goeie werke is om te doen wat Hy in Sy Woord sê en te doen wat die Heilige Gees sê.

  “Mooi so goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou” Wat doen ek met dit wat God in my hand geplaas het? Gebruik ek dit vir myself of gebruik ek dit tot goeie werke tot eer van Hom? Hoekom het ek dit ontvang? Ek het dit ontvang om die wil van die Vader te doen soos ons sien in Hebreërs 13.

- Dit wat ek ontvang het, is om goeie werke te doen; ander aan te leer en aanmoedig en ander op die regte pad te bring.

-o0o-

## 6. GEESTELIKE SAMEKOMSTE

**Heb. 10: 25 en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.**

Die Bybel stipuleer oor die samekoms van die heiliges, dat waar twee of drie in Sy naam vergader daar sal Hy wees. As man en vrou of 'n gesin bymekaar kom in die Here en hulle nooi die Heilige Gees in, is dit al klaar die samekoms van die heiliges.

- Die samekoms van die heiliges is wanneer kinders van die Here bymekaar kom.

So dikwels ervaar ons dat sodra kinders van die Here bymekaar kom en kuier, gesels hulle binne enkele minute oor die dinge van die Here, want waar twee of drie in Sy naam vergader daar sal Hy wees.

Jy kan oor niks anders praat as oor hierdie lieflike, liefdes-evangelie, hierdie liefdesverhouding wat jy het nie. Jy is opgewonde net soos 'n jong bruid wat nou gekies is om te trou. Jy is opgewonde in jou gees. Jy wil vir almal vertel wat hierdie lieflike Bruidegom net vir jou gedoen het. Jy wil Sy liefde proklameer en jy wil net Sy liefde uit dra. Al waaroor jy wil praat is net oor Sy liefde. Jy kan oor niks anders praat nie. Jy het niks anders lief nie en jy het niks anders in jou hart nie. Wat die hart van vol is loop die mond van oor.

As dit nie so gebeur nie, dan moet ons onsself ondersoek, aangesien ons eintlik net veronderstel is om te praat van Sy liefde en Sy goedheid.

Al is daar soms storms, soos ons voorheen gesien het, moet alles gebeur tot eer van die Here. Ons moet nog altyd vir God loof en prys. Ons kan gaan kyk na Paulus se lewe. Paulus is vir ons 'n baie duidelike voorbeeld dat ons deur al hierdie dinge meer as oorwinnaars is, deur Christus Jesus wat vir ons krag gee. Ons kan so maklik murmureer omdat ons nie die Here vra om ons te help nie.

-o0o-

**Wikipedia**

[1] **Soewereiniteit** is die reg van 'n administratiewe liggaam om die hoogste gesag uit te oefen sonder om aan 'n ander liggaam aanspreeklik te wees.

Die woord **'soewereiniteit'** beteken oppermagtige heerskappy, afgelei van 'soewerein' die gebieder of regeerder wat met die hoogste gesag beklee is.

[2] In Biblical Names the meaning of the name Raca is: **Worthless, good-for-nothing**

In beide Aramees en Grieks beteken Raka – domkop, die leë een, 'n idioot, niks. Raka is ook 'n kragwoord wat beteken: *Ek spoeg op jou.* In Matteus 5:22 waarsku Jesus: "*elkeen wat vir sy broer sê Raka moet verantwoording doen aan die Groot Raad.*"

Raka skuil agter baie maskers. Soms skuil Raka agter 'n idee, 'n filosofie, 'n beleid, 'n persoon, 'n emosie. Inderwaarheid is Raka niks meer as 'n idioot, 'n dom, sterk boelie nie.

-o0o-